01
19 Januarie 2024

# Basuiner

## Uit die hoof se pen ....

"Goeiedag Bastion! Ek is opgewonde oor 2024 en al die geleenthede wat voorlê. Kom ons werk saam om 'n suksesvolle en gedenkwaardige skooljaar te bewerkstellig. Maak herinneringe, deel ervarings en maak van 2024 'n jaar om te onthou. Laat die gees van eenheid en samewerking ons lei, sodat die keuses wat ons maak, 'n glimlag op ons Hemelse Vader se gesig sal plaas. Beter, Beste, Bastion!"

Mnr Ju-han Swart – Waarnemende Hoof



# FINANSIES

**BUSBETALINGS**

Busvervoergelde wat betaalbaar is moet asseblief gespesifiseer word as busgelde, indien nie gespesifiseer nie, word die betaling aangewend vir skoolfonds.
Gebruik die regte verwysings:
Bv. - Skoolgeld - R001
- Busgeld - R001 Bus

**AANDAG**

**Debituere werk streng op afsprake op vanverband van die leerder**

**A - M : Me Ria Steyl**
ria.steyl@bastionhs.co.za

**N - Z : Me Ronell Roelofse**
ronell.roelofse@bastionhs.co.za

**SUBSIDIE AANSOEKE en SKOOLVERLATERS**
Me Gerda Naude
gerda.naude@bastionhs.co.za

Made with PosterMyWall.com

# Agterstallige skoolfonds

NB!

"S" rekening.
Ouers, wees asseblief bewus dat alle agterstallige skoolfonds, word op 'n nuwe rekening gelaai - verwysing vir hierdie rekening en huidige jaar sal verskil, bv.

- Agterstallige rekeninge (2023 en voor) = G 001 S
- Huidige jaar (2024) = G 001

Betaling moet asseblief diens ooreenkomstig plaasvind.

# 2024 Vrystellings aansoeke + eerste paaiement ondernemings

Vrystellings: 1) Onderhoud met Beheerliggaamslede soos deurgegee ontvang bewys.
2) Bewys word ingedien met aansoek in Januarie 2024.

Aansoeke vind plaas 15 - 31 Januarie.
Keerdatum 1 - 28 Februarie.

Bring asseblief ʼn bewys van betaling!!!!

Alle skoolgelde word asseblief in die skoolfondsrekening inbetaal:
Hoërskool Bastion
ABSA Horison
Tjekrek no: 330153156

Hiermee versoek Bastion dat enige 1ste paaiement inbetalings wat u in 2023 vir 2024 doen, asseblief sal reflekteer op die verwysing as 2024 - 1ste paaiement.




BASTION BOU

# BUFFELTROEPE 2024




***Groentjiekonsert kaartjies:*** 2 Optredes 31 Jan. en 1 Feb. Kaartjies R45 pp onbespreek.

***<u>Januarie program</u>***

Let asb. daarop dat hierdie net die graad 8 aktiwiteite is en sodra die res van die skoolaktiwiteite gefinaliseer word dit bygevoeg en gekommunikeer sal word.

***Ma.15 Jan.*** - Geen skool. Boekstore oop vanaf 11:00 – 13:00.

***Di.16 Jan***. - Gr 8's arriveer om 7:30 by skool op grasperk langs saal in gemaklike sportdrag en tekkies.

Indeel van voogklasse. Uitdeel van roosters.
Atletiekuitdunne.
Verdaag 14:00

***Wo.17 Jan***.- 1ste Skooldag. Volle somersdrag sonder skoolbaadjie.
Skool kom 14:00 uit.

***Do.18 Jan.*** - 2de Skooldag. Volle somersdrag sonder skoolbaadjie.
Skool kom 14:00 uit.

***Vry.19 Jan.***- Vertrek na Jubaweni vir oriënteringskamp. Leerders wat agterbly sal 'n gewone skooldag volg.

***So.21 Jan.*** - Kampleerders keer terug vanaf kamp om en by 12:00.

***Ma.22 Jan. - Do. 25 Jan.*** - Gewone skooldae.

**Groentjiekonsertoefening van 14:00 – 16:00 (verpligtend)**

***Vry.26 Jan.***- Gewone skooldag.

***Geen groentjiekonsertoefening nie.***

***Sa.27 Jan.*** **- Groentjiekonsertoefening vanaf 08:00 stiptelik tot 14:00. (verpligtend)**

**13:00 Ouerbraai**

***Ma.29 Jan.*** – Gewone skooldag.

**Groentjiekonsertoefening van 14:00 – 16:00 (verpligtend)**

***Di. 30 Jan***. - Gewone skooldag.

**Kleedrepetisies van 13:00 – 16:00 (verpligtend) – Optrede 1**

***Wo. 31 Jan***. – Gewone skooldag.

**Optrede 2 leerders moet 17:00 aanmeld**.

***Do***.*1 Feb*. - Gewone skooldag.

**Optrede 3 leerders moet 17:00 aanmeld**.

***Vry. 2 Feb.*** - Graad 8 kerkdiens, 'capping' en klokluiseremonie. Vanaf 7:30. Ouers welkom.

***(Skoolbaadjies verpligtend vir die dag)***

****Atletiekoefening Ma. tot Do. 06:45 – 08:00.***

*Welkom by die Bastion Bataljon Buffeltroepe 2024!*


Bastion Bataljon
Geniet die kamp
Gr.8 Buffeltroepe!
Beter Beste
Bastion






Gr 8 Kamp 2024


Gr8 Kamp!


Gr8 Kamp!


Gr8 Kamp!


Gr8 Kamp!


Gr8 Kamp!


Gr8 Kamp!


Gr8 Kamp!

# Neem Kennis

## Afhaal van leerders

Indien leerders laat afgehaal word by die skool, maak asseblief seker dat leerders nie buite die skool wag nie.
Leerders moet asseblief binne die skool by die hoofhek wag vir ouers (ook nie buite Sporthek nie).



## Detensie en die Sportroete

Ouers, neem kennis dat leerders wat detensie het, nie van die sportbus gebruik kan maak nie. Die sportbus is uitsluitlik vir leerders wat betrokke is by Sport & Kultuur asook ekstra klasse. U as ouer moet u kind self kom haal as hy/sy detensie kry.

Baie dankie vir u samewerking.

## Hoërskool Bastion - Nood Kosvoorraad



Die nood onder ons eie leerders is groot en ons koskaste is leeg.

Help ons asseblief om ons leerders te help.
Ons benodig: Blikkieskos, Margarien, Grondboontjiebotter, Koekmeel, Mieliemeel, Rys, Pasta en Skoonmaakmiddels (seep, tandepaste, wasgoedseep, Badgoed, ens.

ONS SAL U BYDRAE WAARDEER.

STUUR SAAM MET U KIND OF BRING SELF KANTOOR TOE.

## Gebedsgroep

Hoërskool Bastion

Dinsdae
08:00

U word vriendelik uitgenooi om betrokke te raak by ons gebedsgroep.

ONS ONTMOET IN DIE VOORPORTAAL VANAF 07:30



Kontak gerus vir Me Hannetjie de Jager by 027 229 7575

## Hoërskool Bastion

Ons wil u net graag weer herinner aan die pak afrolpapier wat elke leerder aan die begin van elke kwartaal skool toe moet bring.

Ons wil graag die leerders toerus met die nodige notas om akademiese sukses te behaal.

Baie dankie vir u samewerking in die verband.

Bastiongroete

## -- Medikasie --



Leerders wat asma of enige allergie het of op enige medikasie is, MOET asseblief hul medikasie by hul dra.

Die skool mag geen medikasie aan 'n leerder verskaf nie, daarom moet ouers asseblief seker maak dat leerders wel hul medikasie saam skool toe bring.

Hierdie medikasie kan by die siekekamer toegesluit word indien ouers dit so verkies.

Kontak Me. A. de Jager in hierdie verband.
amanda.dejager@bastionhs.co.za
011 568 7500

# Businligting

*Geagte ouers*

*Businligting vir 2024:*

*Enkelrit: R50*
*20 x ritte: R500*
*Maandkaartjie: R900*

*Geen bussubsidies sal toegestaan word nie. Geen leerder sal sonder 'n buskaartjie toegelaat word op die bus nie.*

*Ouers neem asseblief kennis van hierdie belangrike inligting. Geen uitsonderings vir 2024 kan gemaak word nie.*
*Bastion-groete*

Hoërskool Bastion!
Buffelland!

Beter Beste
Bastion

Ons herinner ouers om asseblief te onthou om die kwartaalikse riem papier en toiletpapier te bring.


Kommunikasie.
Kommunikasie na personeel en ouers op whatsapp wil ons graag beperk tot 17:00 daagliks.
Baie dankie vir u ondersteuning in die verband.
Bastiongroete
Beter Beste Bastion
FLYER MAKER


BUSINESS REVEIW ON DIGITAL MARKETING
Al u ou tydskrifte en koerante is welkom om by ons kantoor afgelewer te word.
Dit gaan in ons Taleklasse gebruik word.
Aandag: Me P van Zyl asseblief.

# Ons verwelkom ons nuwe personeel




Ek is Amelia Visser en ek kom van Krugersdorp af. Ek is absoluut mal oor teken, dans, skep en boeklees. Ek wy myself aan my Skepper en Sy plan vir my lewe en streef daarna om in Sy voetspore elke dag te volg. Ek bied Afrikaans vir Gr. 9's, 10's en 11's aan. Ek sien uit om dié jaar by Bastion skool te hou.




Goeiedag. Ek is Reinhardt Vrey. Ek is in Krugersdorp gebore maar het grootgeword in Randfontein waar ek ook gematrikuleer het. Ek is getroud en het 'n pragtige dogtertjie, Clara-Bella, wat nie 'n oomblik stil is nie. Sport is een van my groot liefdes. Ek hou van avontuur en veral as die adrenalien deur my are pomp. Ek sien uit om by Bastion skool te hou.




Ek is mnr. Gordon Smith
Ek het pas klaar gestudeer aan die Noord-Wes Universiteit van Potchefstroom. Ek gaan Meganies by Bastion Hoërskool aanbied en ek sien uit om die leerders 'n paar dinge te leer oor die werking van motorvoertuie.




Ek is Anthony Crocker. Ek het 8 jaar ondervinding om by LSEN skole klas te gee. Ek en my vrou is al 13 jaar getroud. Ons het 'n dogtertjie (monstertjie) van 6 jaar oud. Ek is verkies tot ondervoorsitter van die Gautengse LSEN skole krieket. Ek is 'n fasiliteerder vir Coding & Robotics. Ek speel graag golf. Ek is mal oor Krieket. Ek sien uit om by Bastion skool te hou.





Goeiedag. Ek is Ds. Rudolph Botha. Die meeste van julle ken my vrou, Me. Edith Botha. Ons is gelukkig getroud al vir die grootste deel van ons lewens. Ons het 1 dogtertjie. Sy is 8 jaar oud. Ek is tans die Dominee by NG Witpoortjie en het van hierdie jaar af ook aangesluit by die personeelkorps van Hoërskool Bastion. Ek gaan Afrikaans gee vir die Gr. 8's en 9's. Ek sien daarna uit om almal van julle te ontmoet en saam met julle in ons moedertaal te kuier in die klas. Dalk ontdek jy dat Afrikaans nie so vervelig en outyds is nie. Die lewe het al baie draaie met my gemaak en ek het 'n baie ryk lewensverhaal met fassinerende en verskeie uiteenlopende ondervindings en kwalifikasies. Ek wil dit graag met julle deel. Sien jou in die klas en sommer ook so op die stoepe.




Ek is Juffrou Koster. Ek bied hierdie jaar Dramatiese Kunste sowel as Afrikaans Huistaal aan. Ek kom van 'n plaas af dus is ek baie lief vir die natuur en om tyd buite te spandeer. Ek is geweldig opgewonde vir die jaar wat voorlê en dit is vir my 'n voorreg om deel van Bastion te kan wees.









Die vlug het vertrek. Matriek 2024 se passasiers is veilig vasgegordel. Ons eindbestemming...
100% slaagsyfer en
afgeronde verantwoordelike volwassene.
Pak asseblief die reis saam met ons aan om sukses te verseker.

Beter, Beste, Bastion



# Graad 8 Ons Troepe

**Die Troepe is hier! Woensdag was daar gespring, gehardloop en gegooi...want atletiek is lekker!**














Welkom terug Graad 9,
10 en 11 leerders!
Mag jou jaar in
Buffelland een vir die
boeke wees!
Welkom in Buffelland!
Hoërskool Bastion!
Buffelland!
FLYER
MAKER













# Akademiese Inligting

Die gr. 10
Gasvryheidstudie- leerders
ontvang 'n algemene
inligtingsbrief.
Ouers moet
asseblief dié
briewe lees en die
afskeurstrokie voltooi.



Dankie.
Me. Marilee Jonker



# Sport en Kultuur

## Krieket



Kontak

Mnr Wynand Pretorius

vir meer inligting

by 083 273 0535









# Netbal



Baie welkom terug aan elke netbaldogter. Ons sien uit na ‘n ongelooflike suksesvolle jaar.
Alle netbaldogters word versoek om in die oggende die atletiekoefening by te woon. Spesifiek naellope en middelafstande, tensy hulle gekies is vir ander items. Dit is om spoed asook fiksheid te verbeter vir netbal.

Spesifieke vaardigheidsoefeninge vind plaas vanaf Maandag 22 Februarie 2024 vanaf 15:30 tot 16:30. Dit sal gebeur op Maandae, Dinsdae en Donderdae.

Alle netbaldogters sal dan ook volgende week ‘n inligtingsbrief met alle datums op ontvang.
Ons Gr. 8- dogters sal ook die kampbriewe ontvang.
U is welkom om me. P. van Zyl te Whatsapp by 0837895398 indien u enige navrae het.

# Hokkie







Atletiekuitdunne was reeds hierdie week. Volgende week, 26 Februarie 2024, het ons ons eerste byeenkoms te Hoërskool Linden.






# Advertensies










INTERNET PROUDLY SPONSORED BY:

coolideas

## HOËRSKOOL BASTION BEDANK GRAAG ONS BORGE. U MAAK ONS HANDE STERK EN HELP ONS LEERDERS OM HUL DROME TE BEWAARHEID

CROWD CREATORS



AGT FOODS AFRICA

ONEOS 127

ARCHERY FOR GENESUS

supa quick
more than tyre experts

Entin

MWC ASSESSING CC

AGA Elspark

SPARTANS

Help24
Roodepoort Rugby Club 80
ARTE NON IMPETU
SINCE 1943

WRPFF
WEST RAND PROTEIN FEEDS & FERTILIZER

SportsApp
Corporate & School Suppliers
Supplier of Admiral.

STEEL PIPES for AFRICA (Pty) Ltd
WESTRAND TEL: 011 955 4555

THIS PROPERTY IS PROTECTED BY
MAPOGO A MATHAMAGA
GUARDING DIVISION & 24/7 ARMED RESPONSE
BUSINESS & COMMUNITY SHIELD
010 492 4321

32 Springbok Road, Longdale,
Johannesburg, 2093
info@empirecables.co.za
(+27) 10 447-6673
Empire
PVC, EARTH & SOLAR

AGA SOUTH AFRICA

uxi SPORT

BOSCH
Diesel Service